



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

FEBRUARIE/MAART 2011

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNTE: 120

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord AFDELING A met potlood, in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
3. Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag dit verwyder.

	VRAAGNO.	PUNTE BEHAAL	TOTALE PUNTE
AFDELING A	1		20
	2		10
	3		10
	4		8
	5		12
AFDELING B	6		8
	7		13
	8		8
	9		8
	10		6
	11		5
	12		5
	13		4
	14		3
TOTAAL			120

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

VRAAG 1Bestudeer die fragment hieronder uit *Volta Fantasy* deur JH Kwabena Nketia en beantwoord die vrae wat volg.

Volta Fantasy
From Twelve Pedagogical Pieces

J.H. Kwabena Nketia

(a)

7

12 (c)

17 (d) (e)

22 (f)

- 1.1 Transponeer die regterhandparty (G-sleutel) by (a) in maat 5 en 6 EEN oktaaf hoër.

(3)

- 1.2 Skryf die enharmoniese ekwivalent van die melodie by (a) in maat 5 en 6.

(3)

- 1.3 Noem die gemerkte intervalle by (d), (e) en (f).

(d) _____

(e) _____

(f) _____

(3)

- 1.4 Beskryf die akkoorde en hul omkerings by (b) en (c), byvoorbeeld majeur, eerste omkering, ensovoorts.

(b) _____

(c) _____

(4)

- 1.5 Herskryf maat 3 in enkelvoudige tweeslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken vooraan.

(3)

- 1.6 Hoekom is daar nie 'n rusteken in die F-sleutel van maat 13 nie?

(1)

- 1.7 Transkribeer die regterhandparty van maat 17 en 18 TWEE oktawe laer in die altsleutel.

(3)
[20]

VRAAG 2

Bestudeer die fragment hieronder uit *Strangers in the Night* deur B Kaempfert en beantwoord die vrae wat volg.

STRANGERS IN THE NIGHT

B. Kaempfert

Beguine tempo

(a)

(b)

(c)

(d)

(e)

(f)

(g)

- 2.1 Skryf die solfa-ekwivalent vir die note by (a) en (b). Dui die korrekte oktaafposisie aan.

(a) _____

(b) _____

(2)

- 2.2 Benoem die akkoord by (d), byvoorbeeld majeur, mineur, verminderd, ensovoorts, en herskryf dit sonder toonsoortteken in digte posisie (noue ligging) in die bassleutel.

Akkoordtipe: _____

(2)


- 2.3 Skryf die akkoord by (e) in tweede omkering in die altsleutel.

(2)

- 2.4 Noem die kadens by (g) waarmee die uittreksel eindig.

(1)

- 2.5 Skryf en benoem die omkering van die interval by (c).



(2)

- 2.6 Benoem die nie-harmoniese F-noot by (f) in maat 14, (byvoorbeeld deurgangsnoot, ensovoorts).

(1)

[10]

VRAAG 3


Skryf die volgende toonlere volgens die gegewe instruksies.

- 3.1 Voeg toevallige tekens by die volgende om die E^b melodiese mineurtoonleer te vorm. Voeg die ontbrekende maatlyne by.




(5)

- 3.2 Op watter toonleer is die musiekvoorbeeld hieronder gebaseer?



(1)

- 3.3 Skryf die opgaande blues-toonleer wat op D in die G-sleutel begin in enkelvoudige vierslagmaat. Gebruik ten minste EEN gesinkopeerde ritme in jou antwoord.




(4)
[10]

VRAAG 4

Voltooи EEN van die gegewe aanvangsmotiewe om 'n twaalfmaat-melodie in ABA-vorm te voltooи. Voeg dinamiek en artikulasietekens by. Noem die instrument waarvoor jy hierdie melodie komponeer.

Instrument: _____

Allegro



[8]


Hierdie vraag sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING
Keuse van instrument	1
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)
Musikaliteit	5
Dinamiek en artikulasie	2
Korrekte notasie	2
TOTAL	$16 \div 2 = 8$

OF

Instrument: _____

Allegro moderato



[8]

Hierdie vraag sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE- TOEKENNING
Keuse van instrument	1
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)
Musikaliteit	5
Dinamiek en artikulasie	2
Korrekte notasie	2
TOTAL	$16 \div 2 = 8$

VRAAG 5

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

- 5.1 Voltooи die vierstemmige harmonisering hieronder deur gesikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg:

[12]

Hierdie vraag sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

Korrektheid (12 akkoarde)	=	4 punte (- ½ punt per fout)
Keuse van akkoorde (12 akkoorde)	=	6 punte (- ½ punt per fout)
Algemene indruk	=	2 punte

OF

- 5.2 Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Call me Irresponsible* deur Sammy Cahn en James van Heusen en volg die instruksies.

Call me irresponsible

Sammy Cahn and James van Heusen

(a)

F[#]dim/C

This section shows the vocal line and piano accompaniment for the first four measures. The vocal line starts on a low note, followed by a higher note. The piano accompaniment consists of eighth-note chords. Measure 1: vocal G, piano F#dim. Measure 2: vocal A, piano F#dim. Measure 3: vocal B, piano F#dim. Measure 4: vocal C, piano F#dim.

5

(b) A⁷/E Fm⁶

This section shows the vocal line and piano accompaniment for measures 5-8. The vocal line includes a sustained note over a chord change. The piano accompaniment features chords in the right hand and bass notes in the left hand. Measure 5: vocal E, piano A7/E. Measure 6: vocal E, piano A7/E. Measure 7: vocal E, piano A7/E. Measure 8: vocal F, piano Fm6.

9

This section shows the vocal line and piano accompaniment for measures 9-12. The vocal line includes sustained notes and a melodic line. The piano accompaniment provides harmonic support. Measure 9: vocal D, piano D. Measure 10: vocal E, piano E. Measure 11: vocal F, piano F. Measure 12: vocal G, piano G.

13

This section shows the vocal line and piano accompaniment for measures 13-16. The vocal line includes sustained notes and a melodic line. The piano accompaniment provides harmonic support. Measure 13: vocal E, piano E. Measure 14: vocal F, piano F. Measure 15: vocal G, piano G. Measure 16: vocal A, piano A.

5.2.1 Noem die akkoordsimbole by (a) en (b), byvoorbeeld Gmin/D, ensovoorts.

(a) _____

(b) _____ (2)

5.2.2 Voltooи die stuk deur gesikte akkoorde van jou keuse by te voeg.
Gebruik hoofsaaklik heelnote.

(10)

[12]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 6: JAZZ-MUSIEK

Agt feite oor swing- en bebop-musiek word hieronder gegee. Skryf die vraagnommers (6.1 – 6.8) van die feite in jou ANTWOORDEBOEK neer en langs elke vraagnommer óf swing óf bebop, (byvoorbeeld 6.9 swing).

- | | | |
|-----|---|------------|
| 6.1 | Klein instrumentale jazz-ensembles | (1) |
| 6.2 | Fokus hoofsaaklik op improvisasie | (1) |
| 6.3 | Melodieë deur volledige seksies gespeel | (1) |
| 6.4 | Musiek bedoel om in nagklubs gespeel te word | (1) |
| 6.5 | Musiek gespeel deur big bands | (1) |
| 6.6 | Ontwikkel gedurende die vroeë 1940's | (1) |
| 6.7 | Duke Ellington | (1) |
| 6.8 |  gespeel as  is 'n tipiese ritmiese kenmerk | (1)
[8] |

VRAAG 7: ROMANTIESE MUSIEK**7.1 Brahms: *Sinfonie Nr. 4 in E mineur Op. 98***

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e)/feite langs die vraagnommer (7.1.1 – 7.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer te skryf.

- 7.1.1 Die vierde beweging is in ... (toonsoort).
- 7.1.2 Die standaardsimfonie bestaan uit ... bewegings (aantal bewegings).
- 7.1.3 Die tema kom uit Bach se kantate ... (naam van kantate).
- 7.1.4 Die beweging het ... variasies (aantal variasies).
- 7.1.5 Die variasies word gegroepeer in ... seksies en 'n koda (aantal seksies).
- 7.1.6 'n ...-maatfrasestruktuur word deurgaans behou (getal mate).
- 7.1.7 Die tema in die A-seksie begin met die ... en ...-instrumente. (7)

7.2 Kies EEN van die volgende werke:

- Smetana: *Die Moldau*
 Mendelssohn: *Vioolkonsert in E mineur, eerste beweging*
 Puccini: *La Bohème*
 Schubert: *Erlkönig*
 Chopin: *Polonaise in A-mol majeur*

Motiveer waarom jou gekose werk 'n goeie verteenwoordiging van die spesifieke genre in die Romantiese tydperk is.

(6)
[13]

VRAAG 8: TWINTIGSTE-EEUSE MUSIEK

8.1 Definieer EEN van die musiekstyle hieronder. Noem EEN relevante komponis en EEN komposisie.

- Impressionisme
- Neoklassisisme
- Musiekteater

(4)

8.2 Beskryf hoe melodie en instrumentasie in jou gekose styl gebruik word.

(4)
[8]

VRAAG 9: INTERNASIONALE POPMUSIEK

Jy het die volgende internasjonale popmusiekstyle bestudeer:

- Girl/Boy bands
- Brit pop
- Heavy metal
- R&B pop
- Glam rock

'n Liedjie van 'n internasjonale populêre kunstenaar/groep wat jy bestudeer het, maar deur 'n ander kunstenaar/groep gesing, is op jou gunstelingradiostasie uitgesaai. Stel jou die uitvoering voor en beskryf die besonderhede daarvan.

Gee en motiveer jou mening oor hoe die uitvoering deur hierdie kunstenaar/groep verskil van die oorspronklike kunstenaar/groep wat jy bestudeer het.

[8]

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE POPMUSIEK

Jou skoolorkes ('band') is uitgenooi om die musiek van een van die volgende Suid-Afrikaanse kunstenaars wat jy bestudeer het, uit te voer: Mandoza, Steve Hofmeyr of Lucky Dube.

Skryf inleidingsnotas vir jou orkes (band) om hulle in te lig oor die styl van EEN van hierdie kunstenaars.

[6]

VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

Beskryf enige EEN van die volgende style:

- 11.1 Kwaito
11.2 Musiek vir sosiale en kulturele geleenthede
11.3 Moppies en ghommaliedjies [5]

VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE

Skryf 'n kort paragraaf oor die musikale bydrae van EEN van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste:

- SJ Khosa
- N van der Watt
- M Khumalo

Verwys na voorbeeld van hulle komposisies. Begin jou paragraaf met die komponis se naam. [5]

VRAAG 13: MUSIEKBEDRYF

Vergelyk die verskille tussen SAMRO en SARRAL. [4]

VRAAG 14: NASIONALE VOLKSLIED VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Noem die skrywers van die lirieke van die Nasionale Volkslied. [3]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 120

A large grid of 12 staves of musical staff paper, each consisting of five horizontal lines. The staves are arranged in three columns of four rows each.